

# 376 Ons hoor die Paasfeesklokke




Ons hoor die Paasfeesklokke, die Heer het opgestaan!!
Hy het vir al ons sonde, Hom aan die kruis laat slaan.
In Hom is nuwe lewe, sy graf is leeg en oop;
Hy gaan ons voorverheerlik en ons kan op Hom hoop!

Ons hoor die Paasfeesklokke, doodsengel, gaan verby!
Bloed aan die deurkosyne, sy bloed het ons bevry!
Ons sal met Jesus opstaan, die lewenskroon verkry;
Ons hoor die Paasfeesklokke, wat oor die wêreld lui.

Izak L. de Villiers (1936-2009) M. Teschner (1584-1655)